Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 10

## NOVEMBER 2019

ÉcoleBooks

# BESIGHEIDSTUDIES V2

**PUNTE:** **150**

**TYD:** **2 uur**

*XBUSTA2*

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

Lees die volgende instruksies aandagtig deur voordat die vrae beantwoord word.

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Bestaan uit DRIE vrae. Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling.
   AFDELING C: Bestaan uit TWEE vrae. Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling.

2. Lees die instruksies vir elke vraag aandagtig deur en neem deeglik kennis van wat vereis word.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is. GEEN punte sal toegeken word vir antwoorde wat verkeerd genommer is NIE.

4. Behalwe waar ander instruksies gegee word, moet antwoorde in volsinne wees.

5. Gebruik die puntetoekenning en aard van elke vraag om die lengte en diepte van 'n antwoord te bepaal.

6. Gebruik die tabel hieronder as ŉ riglyn vir punte- en tydtoekenning wanneer jy elke vraag beantwoord.

ÉcoleBooks

| AFDELING | VRAAG | PUNTE | TYD (minute) |
|---|---|---|---|
| **A: Objektiewe tipe vrae VERPLIGTEND** | **1** | **30** | **20** |
| | | | |
| **B: DRIE direkte/indirekte tipe vrae KEUSE: Beantwoord enige TWEE.** | **2** | **40** | **35** |
| | **3** | **40** | **35** |
| | **4** | **40** | **35** |
| | | | |
| **C: TWEE opsteltipe vrae KEUSE: Beantwoord enige EEN.** | **5** | **40** | **30** |
| | **6** | **40** | **30** |
| **TOTAAL** | | **150** | **120** |

7. Begin die antwoord op ELKE vraag op ŉ NUWE bladsy, bv. VRAAG 1 – nuwe bladsy, VRAAG 2 – nuwe bladsy, ens.

8. Jy mag ŉ nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

9. Skryf netjies en leesbaar.



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



## AFDELING A (VERPLIGTEND)

## VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1–1.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.6 D.

1.1.1 ŉ Voorbeeld van ŉ entrepreneurseienskap wanneer van die entrepeneur vereis word om berekende risiko's neem, staan as … bekend.

A uithouvermoë
B risiko-nemer
C passie
D organisatoriese vaardighede

1.1.2 ŉ Klantebasis is ŉ voorbeeld van ŉ … in ŉ besigheid.

A sterk punt
B swakheid
C geleentheid
D bedreiging

1.1.3 Mnr. Khan het sy eie klein besigheid begin en het ŉ sterk vertroue in homself en sy vermoëns getoon. Dit word … genoem.

A selfrefleksie
B self-assessering
C selfbewustheid
D selfvertroue

1.1.4 Watter EEN van die volgende is ŉ komponent van die finansiële plan?

A Visie
B Missie
C Prys
D Kontantvloeistaat

1.1.5 Die verhouding tussen werknemers op dieselfde vlak word … verhouding genoem.

A eweknie-
B gesags-
C groep-
D eksterne (5 x 2) (10)

1.2 Voltooi die volgende stellings deur die woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woord langs die vraagnommers (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| |
|---|
| tabel; wins; aandele; waarde van elke lid; maatskappy in staatsbesit; produktiwiteit; staafgrafiek; spangees; prospektus; koöperasie |

1.2.1 Die verskil tussen ŉ besigheid se inkomste en uitgawes word … genoem.

1.2.2 Al Bashar gebruik ŉ … om verkoopsyfers in ŉ reeks reghoekige figure te vertoon.

1.2.3 ŉ Uitnodiging van ŉ maatskappy aan die publiek om aandele te koop, word ŉ … genoem.

1.2.4 Spanlede wat … het, neem deel aan spanaktiwiteite.

1.2.5 Die … spesialiseer in spesifieke velde bv. landbou, verbruikers.

(5 x 2) (10)

1.3 Kies ŉ beskrywing uit KOLOM B wat by ŉ term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommers (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.3.6 K.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.3.1 Korporatiewe sosiale verantwoordelikheid | A Is die liggaam se reaksie op situasies wat ŉ persoon moeilik vind om te hanteer |
| 1.3.2 Kreatiewe denke | B Die hedendaagse weergawe van ŉ transparant |
| 1.3.3 Stres | C Advertensie wat baie aandag trek |
| 1.3.4 Uitdeelstukke | D Besigheid neem verantwoordelikheid vir die impak van sy aktiwiteite op gemeenskappe en die omgewing |
| 1.3.5 Besigheidsdoelstellings | E Behels die generering van nuwe en nuttige idees |
| | F Geskrewe of gedrukte inligting wat aan ŉ gehoor uitgedeel word |
| | G Is ŉ tyd van intense probleme, moeilikheid of gevaar |
| | H Die bydraes wat ŉ besigheid tot die gemeenskap lewer |
| | I Verhoog verkope met 20% |
| | J Die vermoë om te oorleef deur die bewaring van natuurlike hulpbronne |

(5 x 2) (10)

**TOTAAL AFDELING A: 30**



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



## AFDELING B

Beantwoord ENIGE TWEE vrae in hierdie afdeling.

**LET WEL:** Dui die VRAAGNOMMER van elke vraag wat jy kies, duidelik aan. Die antwoord op ELKE vraag moet op ’n NUWE bladsy begin, byvoorbeeld VRAAG 2 op ’n NUWE bladsy, VRAAG 3 op ’n NUWE bladsy, ens.

### VRAAG 2: BESIGHEIDSGELEENTHEDE

2.1 Noem VIER faktore wat die ligging van ’n besigheid beïnvloed. (4)

2.2 Verduidelik die belangrikheid van die besigheid se ligging. (8)

2.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**THANDOZUKO HAARPRODUKTE VERVAARDIGER BPK. (THPV BPK.)**

Vuyo, die finansiële bestuurder van Thandozuko Haarprodukte Vervaardiger, is deur die aandeelhouers genooi om ’n aanbieding oor die finansiële posisie van die besigheid te doen. Terwyl hy voorberei het, het hy die volgende faktore oorweeg: tydsduur, terugvoersessie en die doelwitte van die aanbieding.

2.3.1 Haal DRIE faktore uit die scenario aan wat Vuyo in ag moes neem terwyl hy vir die aanbieding voorberei het. (3)

2.3.2 Bespreek ander faktore, nie dié in VRAAG 2.3.1 aangehaal nie, wat jy moet oorweeg wanneer daar vir ’n verbale aanbieding voorberei word. (8)

2.3.3 Gee advies aan besighede oor hoe om ondersteuningsmateriaal vir ’n aanbieding voor te berei. (8)

2.4 Noem VYF komponente van ’n sakeplan. (5)

2.5 Bespreek die elemente van interne marknavorsing. (4)

**[40]**

## VRAAG 3: BESIGHEIDSROLLE

3.1 Definieer die betekenis van *aanpasbaarheid*. (2)

3.2 Identifiseer die kriteria vir suksesvolle spanprestasie van die scenarios wat hieronder gegee word.

3.2.1 Spanlede kan net presteer as hulle presies weet wat van hulle verwag word. (2)

3.2.2 Spanlede moet die vertroue hê om hulle opinies te gee. (2)

3.2.3 Spanne sal presteer as lede aan die span se doelwitte en uitstekende optrede toegewy is. (2)

3.2.4 Spanne moet goeie verhoudings met ander spanne in die organisasie hê. (2)

3.3 Bespreek die voordele van spanwerk in die werksplek. (6)

3.4 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| |
|---|
| Mense moet goed kan saamwerk sodat die besigheid se doelwitte bereik kan word. Ons waardes en sienings beïnvloed egter ons werksverhoudings. Ons moet dus ons diversiteit aanvaar en probeer om nie teen ander te diskrimineer nie. |

3.4.1 Haal TWEE faktore vanuit bostaande scenario aan wat span-verhoudings kan beïnvloed. (2)

3.4.2 Bespreek die TWEE faktore in VRAAG 3.4.1 aangehaal. (8)

3.5 Beveel maniere aan om stres te beheer. (8)

3.6 Beskryf in breë trekke DRIE maniere waarop werknemers 'n professionele beeld kan projekteer. (6)

**[40]**



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



## VRAAG: 4: ALLERLEI/VERSKEIE ONDERWERPE

### BESIGHEIDSGELEENTHEDE

4.1 Identifiseer die ondernemingsvorm wat deur ELK van die volgende stellings verteenwoordig word:

4.1.1 ŉ Delikatesse ('food delicacy store') is die eiendom van James en Seuns en hulle is verantwoordelik vir die skulde van die besigheid. (2)

4.1.2 Zheng Leierskap en Opleiding Bpk. kan hulle aandele op die Johannesburgse Aandelebeurs verkoop. (2)

4.1.3 Zama (Edms.) Bpk. is ŉ gevestigde maatskappy met ŉ goeie reputasie. (2)

4.2 Bespreek die kenmerke van ŉ persoonlike-aanspreeklikheidsmaatskappy. (6)

4.3 Verduidelik die belangrikheid van ŉ sakeplan. (8)

### BESIGHEIDSROLLE

4.4 Lees die onderstaande scenario en beantwoord die vrae wat volg.

> Sake-ondernemings is deel van die gemeenskap. Hulle het daarom ook ŉ sosiale verantwoordelikheid teenoor die gemeenskap en die omgewing, en hulle aktiwiteite moet volhoubaar wees.

4.4.1 Definieer die begrip *maatskaplike verantwoordelikheid.* (2)

4.4.2 Stel inisiatiewe voor wat besighede kan neem om sosio-ekonomiese kwessies aan te spreek. (8)

4.5 Noem VIER redes waarom dit belangrik is om doelwitte te stel. (4)

4.6 Beskryf in breë trekke die belangrikheid daarvan om te besef wat jou sterk punte en swakhede is. (6)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

## AFDELING C

Beantwoord EEN vraag in hierdie afdeling.

**LET WEL:** Dui die VRAAGNOMMER van die vraag wat jy kies, duidelik aan. Die antwoord op die vraag moet boaan ŉ NUWE bladsy begin, byvoorbeeld VRAAG 5 op ŉ NUWE bladsy of VRAAG 6 op ŉ NUWE bladsy.

### VRAAG 5: BESIGHEIDSGELEENTHEDE (BESIGHEIDSGELEENTHEDE EN KONTRAKTE)

**SHANE DUTTON (SD)**

Nadat Shane Dutton sy matriek geslaag het, het hy nie geld gehad om verder te studeer nie. Hy het ŉ besigheidsgeleentheid gesien en sy eie besigheid 'Wash-Now' begin. Dit is ŉ innoverende diens wat jou wasgoed kom haal, was en weer by jou voordeur aflewer.

Hou bostaande scenario in gedagte en skryf gedetailleerde notas oor die volgende aspekte:

- Brei uit oor die betekenis van *besigheidsgeleentheid*.
- Beskryf die protokol vir die uitvoer van navorsing.
- Bespreek enige DRIE tipes kontrakte.
- Gee raad aan besighede oor die regsvereistes van ŉ kontrak. **[40]**

### VRAAG 6: BESIGHEIDSROLLE (KREATIEWE DENKE EN PROBLEEMOPLOSSING)

J.J. Tekstiele Nywerheid ondervind lae produktiwiteit. Om mededingend te wees, moet hulle probleme proaktief en kreatief aanspreek, voordat dit ŉ negatiewe effek op hulle winsgewendheid het.

Skryf ŉ opstel oor kreatiewe denke waarin jy die volgende aspekte aanspreek:

- Onderskei tussen *probleemoplossing* en *besluitneming*.
- Verduidelik die probleemoplossingsiklus.
- Bespreek die volgende probleemoplossingstegnieke:
  - Delphi-tegniek
  - Nominale groeptegniek
- Maak voorstelle oor die voordele van kreatiewe denke. **[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM